**Huiswerkvel 27 (Hoofstuk 14)**
**Afkortings en woordeskat**

**Vraag 1**
Pas die korrekte woord (kolom B) by die korrekte afkorting (kolom A)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | str. | A | vergelyk |
| 1.2 | RSA | B | rekening |
| 1.3 | i.p.v. | C | mejuffrou/mevrou |
| 1.4 | km/h | D | volgende |
| 1.5 | me. | E | belasting op toegevoegde waarde |
| 1.6 | DBV | F | straat |
| 1.7 | bv. | G | ensovoorts |
| 1.8 | ens. | H | kilometer per uur |
| 1.9 | nm. | I | antwoord |
| 1.10 | vlg. | J | Republiek van Suid-Afrika |
| 1.11 | rek. | K | in plaas van |
| 1.12 | par. | L | byvoorbeeld |
| 1.13 | BTW | M | Dierebeskermingsvereniging |
| 1.14 | antw. | N | namiddag |
| 1.15 | vgl. | O | paragraaf |

**Vraag 2**
Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi

2.1 Ek is al weer laat, want my horlosie is (agter/stadig).
2.2 Kom (in/binne); die deur is nie gesluit nie.
2.3 Hy sukkel om te sien, want hy het sy (glase/bril) by die huis vergeet.
2.4 Ek het goeie (punte/merke) in die toets behaal.
2.5 Die klok het gelui. Ons kan nou (huis toe/huistoe) gaan.
2.6 Dit was darem ’n 2.6.1(harde/moeilike) 2.6.2 (papier/vraestel).
2.7 Die span het vinnig ’n plan (gemaak/beraam) en toe die wedstryd gewen.
2.8 Bly op die (padjie/paadjie) en moenie op die gras loop nie.
2.9 My ma (kweek/groei) groente by die huis.
2.10 Die onderwyser se beste (raat/raad) is om hard te leer.
2.11 Ek gaan gedurende die skool-(vakansie/vakansies) heerlik in die see swem.
2.12 Ek (is/was) gebore op 20 Januarie 2005.
2.13 Dit het my drie (uur/ure) geneem om die koek te bak en te versier.
2.14 Pouses gesels ek (saam met/met) my vriende.

Hierdie bladsy mag gekopieer word.